

Republikein


Jou land. Jou taal. Jou koerant.

Bloedbad op plase Onstuitbare golf van stroopers

November 23, 2021 | [Crime](#)









Elvira Hattingh - Honde wat skape tydens strooptogte verskeur, lewende beeste waarvan die haksene afgekap is en of wat in draadstrukke wurg, asook wild wat met assegaaie gesteek word en lydsam vrek – dit is aan die orde van die dag op Namibiese please.

Selfs dragtige diere word nie deur stropers en diewe gespaar nie, terwyl landbouers net magteloos moet toekyk.

Meer as 90 mense oraloor die land het Republiekin die afgelope twee weke gekontak nadat vrae as deel van 'n informele opname in die sosiale media oor vee- en wilddiefstal gestel is. Hulle sê die situasie ruk handuit en is besig om baie boere "finaal finansieel uit te roei".

Terselfdertyd is talle boere van mening dat wetstoepassers en die regstelsel of nie in staat is nie, of nie gewillig is om enige einde hieraan te bring nie. Strawwe is te lig, sê hulle, sake word nie afgehandel nie of uitgegooi weens swak polisiewerk, of die polisie neem dae om op te daag as 'n misdaad van dié aard aangemeld word.

STATISTIEK

Die Nossob Misdaadvooorkomingsforum (NCPF) is een van min sulke forums wat alle diefstalle en stropings in hul gebied noukeurig opteken - die Kalkfeld-, Omitara-, Witvlei- en Steinhausen-omgewing. Volgens inligting wat deur hul voorsitter, mnr. Jürgen Matthaei, aan Republiekin verskaf is, is veral beeste en wild die afgelope maande gestroop.

Die waarde van die gesteelde beeste het tydens die eerste tien maande van die jaar in die Nossob-gebied meer as N\$1,3 miljoen beloop, terwyl die waarde van die kleinvee N\$134 100 beloop en van wild N\$299 250. Ander items ter waarde van N\$160 000 is ook gesteel.

Dit blyk dat talle ander boerderygebiede in die land onder die tipe misdaad deurloop, met gebiede soos onder meer Omaruru, Otjiwarongo, Grootfontein, Kombat, Keetmanshoop en Mariental waar dit ook hoogty vier.

HERHAALDE OORTREDERS

Uit Stampriet se omgewing laat weet mnr. Hannes Meyer dat hulle enorme probleme op die plaas Bernavy ervaar. In die afgelope drie jaar is daar meer as 200 skape by hulle gesteel of deur vreemde honde doodgebyt. Daar is by geleentheid 98 skape op een slag doodgebyt.

Meyer sê agt sake is geopen en baie hiervan teen een spesifieke verdagte, wat vantevore vir soortgelyke oortredings in die tronk was. Sake teen dié verdagte en sy meelopers "kom nêrens", sê hy, aangesien dossiere en getuies "verdwyn".

"Hulle werk geweldig onmenslik met die diere. Dit wat nie deur die honde verskeur word en net so gelaat word om te vrek en te vrot nie, se ore word teen die kop afgesny of hulle word met draad vasgemaak. Hulle laai op wat hulle kan en die ander brand in die son dood as ons hulle nie vinnig genoeg gevind word nie," vertel Meyer.

"Diere wat te erg deur die honde verskeur word, word gelos, want hy kan dit nie verkoop nie," vertel Meyer.

Uit Omaruru se omgewing laat weet me. Alina Vogel van die plaas Gross Okandjou 2020 en die afgelope jaar was baie erg wat die stropery van gemsbokke met die behulp van honde en assegaaie betref.

Sy sê dit het 'n punt bereik waar gemsnbokgetalle min raak en die diere hardloop weg as hulle mense sien. "Hulle word wreed gejag en stadig, met assegaaie, doodgemaak. Dit maak nie vir die stropers saak of dit 'n dragtige koei is of nie," vertel sy.

HAKSKENE AFGEKAP

Die afgelope Donderdag is vyf verdagtes naby Grootfontein betrapp toe hulle 'n koei op die plaas Okamutombe van mnr. Mecki Schneider geslag het. 'n Week vóór dit, is nog 'n koei by hulle geslag.

mnr. Hagen Eggert, wat ook naby Grootfontein boer, sê in hul omgewing raak die "situasie nou erg". In die afgelope weke is twee sonpompe by hom gesteel en hy het een van sy Brahman-stoetverse lewendig, maar met afgekapte hakskene gevind – iets wat veediewe dikwels doen sodat beeste nie kan wegkom nie.

Hy meen die koei is so gelos omdat die kwaaddoeners gesteur is. Eggert moes haar van kant maak.

Hy huur die dienste van 'n sekuriteitsfirma, wat reeds talle slagplekke gekry waar sy koedoes, hartebeeste en gemsbokke gevang en geslag is.

Al hierdie diewe kom volgens hom van 'n nabyleë hervestigingsplaas. Hy sê benewens die geldelike verliese, moet hy nou ook vir sekuriteitsdienste betaal.

Nog 'n boer in die omgewing het op een van sy stoetverse afgekom waar sy al vier dae in 'n draadstrik vasgevang was en 'n ander boer, mnr. Nick Nell, sê hy het binne die afgelope 90 dae sowat 100 skape aan diefstal verloor. - elvira@republikein.com.na